AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 8

01 – 05 JUNIE 2020

MAANDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

m M m M

Manie muis moet melk drink.

2. Maak sinne met die volgende woorde:

heerlike werklike verskriklike oulike vreeslike

3.

Begripstoets

Spinnekop

'n Spinnekop is siesa. Hy het 8 lang bene en meer as 2 oë.

Hulle eet goggas soos 'n vlieg, miere en motte.

Pasop vir 'n spinnekop! As hy jou byt is jy dalk net jou lewe kwyt.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoeveel bene het 'n spinnekop?

   _____

2. Wat eet 'n spinnekop alles?

   _____

3. Dink jy 'n spinnekop is gevaarlik? Hoekom?

   _____

   _____

4. Hou jy van 'n spinnekop?

   _____

DINSDAG

1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

n N n N

Nina sien vir Neels by die nes.

2. Maak sinne met die volgende woorde

vrolike sieklike eerlike lelike dienlike

3.

WOENSDAG

1.

Begrip lees en klank

Mienke en die groot seun is maats.

Hulle sien 'n bruin muis in die huis by die deur.

Die seun sê bel my ouma sy sal weet wat om te doen.

Mienke sê haar kat met die naam Tier sal die muis vang,

Want hy hou baie van vleis.

Waar is die muis nou?

Kyk! hy is op die boek in die hoek.

Beantwoord die vrae oor die storie.

1. Wie is maats met die groot seun? _____
2. Wat sien hulle in die huis? _____
3. Watter kleur is die muis. _____
4. Wat is die kat se naam? _____
5. Gee 'n woord wat rym met boek. _____

Kyk na die prentjies en skryf die korrekte woord onder die prentjie.

2. Leesstuk

Kom ons lees saam.

By die dieretuin.

Graatjie is die naam van 'n aap by die dieretuin.

Hy groet graag die ander diere.

Groot-Jan is die naam van die growwe, grys olifant.

Hy grom graag vir die ander diere en stamp sy voete teen die grond.



Grieta is 'n groen papegaai.

Sy grawe graag in die gras rond vir goggas.

DONDERDAG

1. Begripstoets: Lees die stuk 2 keer deur en beantwoord die vrae.

Die haas en die skilpad

Baie lank gelede het 'n haas en 'n skilpad saam in 'n groen woud gewoon. Die bruin skilpad het baie stadig geloop en die haas het altyd vir haar gelag. Eendag het die haas vir die skilpad gesê, "Kom ons hou 'n resies." Die skilpad het ingestem en die haas het baie hard gelag. Al die ander diere het kom kyk wie die resies gaan wen.

Die haas het baie vinnig gehardloop en hy was gou ver voor die skilpad. Hy het teruggekyk, maar kon glad nie die skilpad sien nie omdat sy so ver agter was.

"Die skilpad is baie ver agter," het die haas vir homself gesê. "Dit gaan nog lank duur voor sy hier uitkom. Ek gaan nou eers onder die boom rus, en as ek die skilpad sien aankom, sal ek vinnig hardloop en die resies wen." Die haas het toe gaan lê, maar het vas aan die slaap geraak.

In sy slaap hoor die haas hoe die diere juig en skreeu, maar hy het gedink hy droom. Toe hy wakker skrik, sien hy dat skilpad al amper by die wenstreep is.

Die haas het opgespring en so vinnig soos die wind gehardloop, maar dit was te laat, want toe haas weer kyk, sien hy hoe die skilpad oor die wenstreep loop.

Vrae

Lees die storie en beantwoord al die vrae. Die eerste woord van die antwoord moet met 'n hoofletter begin. Onthou om die sin met 'n punt af te sluit.

1. Wie het die resies gewen? Waarom?

   _____

   _____

2. Wie het na die resies kom kyk?

   _____

3. Waar het die haas gaan rus?

   _____

4. Voorsien die storie van 'n toepaslike titel.

   _____

2.

Rymwoorde

Kyk in elke blokkie. Watter woorde rym met die woord in die middel? Rymwoorde is woorde wat dieselfde klink. Kleur die regte woorde in.

skaap		seer
	beer	
leer		lag

meel		Daan
	keel	
bad		staan

leen		baas
	been	
geen		hap

fees		bees
	lees	
vaal		saal

VRYDAG

1. Probeer om die voorwerpe in die blok hier onder in die prentjie te kry.

2. Voorsetsels

Algemene Taal

Vraag 1: Voorsetsels

1.1 Kyk na die prentjies en vul telkens die korrekte voorsetsel in: (4)

a)

Die muis staan _____ die boks.

b)

Die muis staan _____ die boks.

c)

Die muis staan _____ die boks.

d)

Die muis staan _____ die boks.

1.2 Kyk na elke prentjie en beantwoord dan die vrae in vol sinne: (4)

a) Wat doen die seun?

Die seun _____ .

b) Wat doen die bok om die appel by te kom?

Die bok _____

_____

c) Wat doen die dogtertjie?

Die dogtertjie _____

_____

d) Wat doen die skaap?

Die skaap _____

_____